DIE VERLORE PRINSES

'N OPERETTE / MUSIEKSPEL

VIR KINDERS VAN GRAAD R TOT GRAAD 5

deur

JOEY VAN NIEKERK

Ek kon nooit verstaan waarom sulke gru-kindersprokies soos Hansie en Grietjie, Rooikappie, die vraatsugtige wolf, bose hekse, ens. tot vandag toe bly voortbestaan het en steeds deur kinders verslind word nie.

In die lig van die geweld teen kinders, het die idee ontstaan om hierdie bekende sprokies te gebruik om ons kinders weerbaar te maak en te leer om hulleself te beskerm.

Verskillende sprokieskarakters figureer in hierdie werk. Daar word net genoeg na ‘n aantal van hierdie bekende karakters verwys om die kinders se belangstelling te prikkel om die sprokies weer te lees, maar die ligte liedjies, dansies, humor, die oulike dwergies en die gelukkige einde van die kort musiekspel, verhoed dat die jong kinders nagmerries oor die lotgevalle van Sneeuwitjie kry wat met sulke bose karakters te doen kry. Ondervinding het geleer dat kinders wat in ‘n musiekspel opgetree het, die boodskap en veral die liedjies daarin vervat, nie maklik vergeet nie.

Mag hierdie werkie die jong kinders leer om *waaksaam* te wees, maar hulle ook inspireer om self weer boeke op te neem *en die skatkis van verhale wat in boeke opgesluit lê, self te lees.*

Vir ROLVERDELING en LYS VAN LIEDJIES, kyk aan einde van teks.

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

Toestemming vir opvoering moet verkry word van:
DALRO, Posbus 31627, Braamfontein, 2017
Tel. (011) 712-8330; Telefaks. E-pos: theatricals@dalro.co.za

Kopiereg: Joey van Niekerk Knysnalaan 299, Sinoville, Pretoria. 0182.
Tel. (012) 567-2102; 072 7557523 (s) of 082 5300815 (s)
E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

'N WOORD VOORAF:

Hierdie opvoering bestaan uit 8 toneeltjies wat afsonderlik (en onder leiding van verskillende afrigters) geoefen kan word omdat verskillende kinders in die verskillende toneeltjies optree. Eers as almal hulle liedjies, mimiek, woorde,dansies, ens. ken, word dit tot 'n eenheid saamgevoeg. Hierdie manier van oefen verkort die oefentyd dramaties en so kan al die kinders betrek word.

Verskillende karakters uit die bekende sprokieswêreld van jong kinders. (outydse en eietydse sprokies en bekende karakters soos, die sewe bokkies, die drie varkies, Rooikappie, Hansie en Grietjie, skilpad en hasie, ens.) figureer in die opvoering, maar Sneeuwitjie en die dwergies is die hoofkarakters. Daar is baie moontlikhede wat ontgin kan word. *Neem gerus die vrymoedigheid om kreatief te wees en aanpassings te maak, sodat die inhoud voortdurend by die leefwêreld van die jong kinders kan bly aansluit***.**
Oupa Tom met sy Nuus-trom sinspeel bv. op die ou Afrika-gebruik om boodskappe vanaf hoogtes met tromme die wêreld in te stuur. Dit was hulle vindingryke radio's en televisies waarmee nuus versprei is. Vertel dit vir die jong kinders wat dit nog nie weet nie.
Hou in gedagte dat Sneeuwitjie en ook die 7 dwergies se rolle die veeleisendste is.

Die liedjies is baie ou beproefde melodieë en tradisionele liedjies wat die toets van die tyd deurstaan het. In twee van die liedjies word ook van 'n **Afrika-taal (Noord-Sotho) en Engels** gebruik gemaak.

Groot dank aan **Holt, Rinehart en Winston, New York** wat reeds in 1976 toestemming gegee het dat die liedjies wat met 'n asterisk (*) gemerk is, se melodieë deur skryfster gebruik mag word. Dit kom uit hulle pragbundel: **Exploring Music.**
Dank en waardering ook aan **Prof. Elsbeth Hugo** (voorheen Van der Merwe) vir haar waardevolle raad tydens die skryf van die vollengte operette, **Sneeuaster,** wat die eerste keer in 1977 deur die Laerskool Verkenner in Port Elizabeth as feesoperette opgevoer is. Grepe uit dié operette is verwerk vir hierdie baie verkorte en gewysigde musiekspel vir kleiner kinders.

'n Wenk: Waar die verskillende toneeltjies terselfdertyd apart geoefen word, kan die musiek (sang) **op band opgeneem** word en elke groepie kan aanvanklik saam met die band oefen. So word hulle gewoond aan die liedjies en dan kan die mimiek, dansies en liedjies makliker ingeskerp word. Wanneer hulle later almal saam deur die hele operette gaan, neem 'n begeleier oor en oefen hulle slegs saam met die begeleier en/of orkessie.

Kore en 'n **slagorkes** kan die sang versterk en atmosfeer help skep. So kan meer kinders ook betrek word. Ook met 'n **spreekkoor** kan die aantal deelnemers vermeerder word. Die **liedjies en dansies** is eenvoudig en die **begeleiding** is ook maklik. 'n Begeleier wat kan improviseer en wat goed is met slagorkes-afrigting, asook 'n persoon met balletagtergrond, kan 'n groot bydrae lewer om die regte effekte te verkry.

Skole wat toegerus is met die **regte toerusting**, kan van weerkaatsende klere en "blou ligte" gebruik maak om 'n treffende nagtoneel in toneel 1 te verkry. Indien die toerusting nie beskikbaar is nie, kan dieselfde toneel in 'n effens gedempte lig (om 'n nagtoneel te suggereer) steeds baie effektief wees.

Geniet die aanbieding!

VOORSPEL VOOR DIE TOE GORDYN:

Heel links op die verhoog, voor die toe gordyn, sit OUPA TOM by sy NUUSTROM. Die nuus wat hy voorlees, word telkens met tromgeroffel aangekondig. Hy is nie net die nuusleser nie, maar lewer soms ook kommentaar op sekere gebeure. 'n TROMSLANER sit naby hom.

TROMGEROFFEL kondig die nuus aan :

OUPA TOM: Dit is OUPA TOM SE NUUS-TROM. Hier volg die nuus:

Die hele Sprokiesland is in rep en roer. Prinses Sneeuwitjie het verdwyn en niemand weet waar sy is nie. Koning Boudewyn vra dat die skokkende nuus vanaf elke bergtop met tromme aangekondig moet word, sodat elke burger van Sprokiesland en elke dier en voël in die bos na die pragtige prinsessie kan help soek. Sy is sy enigste kind.

Die nuwe koningin huil glo aanmekaar en sê dat dit haar skuld is. As sy Sneeuwitjie beter laat oppas het, sou sy nie weggeraak het nie.

Vreemde stories word vanuit die paleis vertel. Party mense sê Koningin Edelhart se naam is verkeerd. Sy moes eerder Koningin Ydelhart gewees het.
En party mense sê sy is eintlik 'n heks. Sy gaan staan elke dag voor 'n towerspieël wat kan praat. Dan vra sy vir die spieël wie die mooiste in die land is. Dan sê die spieël sy is die mooiste. Maar een dienaar het gehoor dat die spieël eergister gesê het Sneeuwitjie is nou mooier as die koningin. Laasnag het Sneeuwitjie verdwyn.

Ons verneem dat Prins Adelhart, wat baie lief vir die prinses is, reeds op sy wit perd vertrek het om self na haar te gaan soek. Net gisteraand nog, het hy vir haar gesê hoe lief hy haar het.

OUPA TOM SE NUUS-TROM sê: Goeienag – tot môre-oggend toe.

Oupa Tom (in Uil-mondering) gaan af vir optrede in Toneel 1. Vir res van aand bly hy Oupa Tom.

PRINS ADELHART EN SNEEUWITJIE KOM HAND AAN HAND STADIG (*steeds voor die toe gordyn*) OPGESTAP, GAAN STAAN IN DIE MIDDEL VAN DIE VERHOOG EN SING

LIED 1: JY IS DIE VERVULLING VAN AL MY DROME. ('n mooi Kanon)
(Beide moet sterk, nootvaste stemme hê)

1. Jy is die vervulling van al my drome,
lonkend ster in 'n nag so swart.
2. Hier in die maanskyn onder die bome
skenk ek jou my hart.

DIE PAARTJIE STAP AF EN DIE GORDYN GAAN NOU EERS OOP.

TONEEL 1: SNEEUWITJIE IN DIE BOS:

'n Bostoneel. *Die vooraansig van die dwergies se huisie is DOFWEG op die agtergrond sigbaar. As die gordyn lig, is dit donker in die huisie. 'n Paar van die heel kleinste kindertjies sit as BLOMMETJIES voor die huisie. Hulle wieg net soms heen en weer asof 'n ligte windjie hulle rondwaai. Liedjies wat hulle "terloops" optel, sal hulle spontaan saamsing. Moenie hulle keer as hulle saamsing nie. Sê net hulle moet baie sag saamsing.*

SNEEUWITJIE KOM OP. Sy kyk rond en gaan sit dan styf teen die stam van 'n prominente boom. Sy lyk baie bang en alleen. Die ligte verdof om 'n nagtoneel te suggereer.

*(**Let wel** : Volg die instruksies vir hierdie kleurvolle sing- en danstoneel stap-vir-stap en u sal vind dat dit eintlik glad nie moeilik is nie, al lyk dit met die eerste oogopslag of dit moeilik is.)*

Die musiek van *LIED 1: WEES NIE BANG* begin saggies speel. *Dit word nog nie gesing nie!*

Die KONINGIN VAN DIE NAGFEËTJIES verskyn op die toneel.
[As slegs haar kroon en staffie met 'n ster bo-aan, met weerkaatsende verf behandel is, sal dit baie effektief wees. [Indien die fasiliteite beskikbaar is, moet in gedagte gehou word dat die "blou lig" wat die verf laat weerkaats, nie net as voetligte aangebring moet word nie, maar ook as daklig, anders bly die agterste groep dansers wat later bykom, in die donker (want die sprokies-karakters wat eerste inkom en voor gaan sit, sal die voetligte afkeer). Indien die fasiliteite nie beskikbaar is nie, kan die gewone verhoogligte net weer verhelder word om al die dansende, singende figuurtjies te belig.]

Die KONINGIN VAN DIE NAGFEËTJIES beweeg stadig en statig tot in die middel van die verhoog. Sy hou haar ster-staf ophoog.

DIE MUSIEK WORD HARDER. Op elke vierde maatslag kan slaginstrumente die ritme versterk. OP HIERDIE STADIGE RITME KOM OUPA UIL (vroeër en ook later OUPA TOM MET SY NUUSTROM) STADIG INGEVLIEG. Sy vlerke klap op elke 4de maatslag. Slegs sy twee enorme oë en die buitepunte van sy vlerke is met weerkaatsende verf behandel. Hy beweeg al vlerkklappend tot heel voor, in die middel van die verhoog, en gaan sit. Hy bly daar sit! Dan vou hy stadig sy vlerke toe. Nou gloei nog net sy oë.

DIE LIEDJIE VERSNEL EN VROLIKE, LIGTE SLAGINSTRUMENTE KOM BY.
TIEN VUURVLIEGIES (*met lampies, gemaak van 'n flitslig wat skyn in 'n geel of oranje sakkie van krimppapier gemaak, of sommer in 'n doodgewone papiersakkie)* kom op die maat van die musiek op en beweeg dansend na voor. Hulle hou hulle lampies voor hulle vas.

Nou verskyn VERSKILLENDE BY-KARAKTERS uit die musiekspel (nie die hoofkarakters nie) op die toneel. Ook hulle dans of beweeg ritmies op maat van die musiek na voor op die verhoog. Die VUURVLIEGIES met hulle lampies gaan sit heel voor op die verhoog, weerskante van OUPA UIL, en wieg stadig saam met hom op elke 4de maatslag heen en weer. Die SPROKIESKARAKTERS gaan staan op hulle knieë agter die sittendes en wieg hulle bolywe vinniger (op elke tweede maatslag) heen en weer.

DIE KORT MELODIE WORD 'N LAASTE KEER HERHAAL. NOU KOM DIE KLANK VAN *DARTELENDE KLOKKIES EN/OF DRIEHOEKIES* BY.
Almal op die verhoog bly wiegend aan die beweeg, terwyl TIEN FEËTJIES en TIEN VLINDERS ook opdartel. Die staffies van die feëtjies moet weerkaats en buitenste kante van die vlerke van die motte/vlinders moet ook weerkaats (indien dit 'n nagtoneel is).

DIE FEËTJIES DANS IN ‘N SIRKEL OM HULLE KONINGIN WAT STADIG MET HAAR STERSTAF OMHOOG GEHOU, IN DIE RONDTE DRAAI.
Terwyl hulle dans, wys die feëtjies se weerkaatsende staffies in die rigting van die koningin se ster bo-aan haar staffie.
DIE VLINDERS VORM ‘N BUITESIRKEL OM DIE FEËTJIES EN DANS IN DIE TEENOORGESTELDE RIGTING. [*So word die effek van 'n vrolike, kleurvolle mallemeule met 'n spits punt na bo, geskep*. *Dis baie effektief en pragtig*.]
OP DIE VOORGROND WIEG ALMAL STEEDS VOORT: [Oupa Uil (steeds sittend) asook die vuurvliegies met hulle lampies, wieg steeds op die stadige ritme (elke vierde maatslag) heen en weer, en die sprokieskarakters direk agter hulle wieg steeds vinniger (op elke tweede maatslag) heen en weer.]

AS DIE MELODIE VOLTOOI IS, KOM ALMAL TOT STILSTAND. OUPA UIL BEWEEG NA LINKS (voor op die verhoog) en word nou OUPA TOM MET SY NUUSTROM. Hy het deurgaans sy uil-uitrusting aan.
Die verhoogligte verhelder net effens. Die vuurvliegies en sprokieskarakters bly op hulle plekke, maar draai sywaarts sodat hulle na Sneeuwitjie kan kyk. Die vlinder- en feësirkels breek op en beweeg na die kante van die verhoog toe. Die feëkoningin draai na Sneeuwitjie toe.

ALMAL KYK NOU NA SNEEUWITJIE TOE EN SING:

LIED 2: *WEES NIE BANG. (Sing albei strofes)*
Wees nie bang, wees tog nie meer bang.
In die bos is ons jou vrinde,
jy is tussen goedgesindes.
Jy hoef niks te vrees. Ons sal by jou wees.

Wees nie bang, wees tog nie meer bang.
Hans en Grietjie, voëltjies, bokkies,
Rooikappie en Goue Lokkies
was by ons gewees, en het nooit gevrees.

SNEEUWITJIE GLIMLAG, GAAP EN RAAK TEEN DIE BOOMSTAM AAN DIE SLAAP. Sy is nie meer bang nie. Al die ander karakters gaan in die half-donker af.

TONEEL 2: DIE WOLF-ROOIKAPPIE-VARKIES EN BOKKIES- en SKILPAD EN HASIE TONEEL.

OP DIE MAATSLAG VAN DIE STADIGE MARSRITME VAN LIED NR. 2, KOM WOLF opgesluip. Hy kyk slu rond asof hy na iemand soek.

ROOIKAPPIE loer versigtig om die boomstam waarteen Sneeuwitjie slaap. Sy sien Wolf raak, kry SNEEUWITJIE aan die skouer beet en skud haar wakker. Sy tree weer agter die boom in, sodat Wolf haar nie kan sien nie.

WOLF SIEN SNEEUWITJIE RAAK EN SING TERWYL HY SLU MET STADIGE TREË NADERSLUIP.

Lied 3: *EK IS 'N GOEIE WOLF **
(rek Wo..o..lf telkens lank uit!)

Ek is 'n goeie wo..o..olf wat niemand ooit sal skaad.
Altyd vriend'lik. Ek doen aan niemand kwaad.

Ek is maar altyd goed. Ek soek nie na jou bloed.
Altyd minsaam. Ek doen aan almal goed.

Ek is 'n goeie wo..o..lf. Ek soek net na 'n maat.
Kom tog nader. Ek doen aan niemand kwaad.

As wolf se stem wegsterf, **gaan die slaginstrumente voort met die marsmaat, wat effens versnel word.**
Op die maat van die ritmiese geluide kom DRIE VARKIES en SEWE BOKKIES van twee verskillende kante van die verhoog af op. Hulle steier verskrik terug as hulle WOLF sien. ROOIKAPPIE kom nou ook nader. Dan steek hulle vas en terwyl almal na Wolf wys, sing hulle:

Lied 4: *PAS TOG OP EN WEES VERSIGTIG!*
(Hierdie liedjie kan – op hierdie3 stadium - as 'n SPREEKKOOR ook effektief wees indien die doel is om meer kinders (wat dalk nie goed sing nie) ook te betrek. Dit versterk ook die waarskuwende boodskap.)

Pas tog op en wees versigtig!
Wolf probeer om jou te sus.
Wolf is hart'loos, O so listig.
Hy maak jou maar net gerus.
O pas tog op! Ja, pas tog op!
Wolf wil jou fop.
Pas tog op! Pas tog op!

WOLF MAAK OF HY PADGEE, MAAR GAAN STAAN AGTER 'N BOS EN LOER VIR HULLE. .

SNEEUWITJIE: Siestog. Ek is jammer vir die arme wolf. Hy is eensaam. Niemand wil sy vriend wees nie.

ROOIKAPPIE: (DRINGEND) Prinsessie, moenie vir Wolf glo nie! Hy het vir my die verkeerde paadjie beduie en gemaak of hy my ouma is. As dit nie vir die dapper houtkapper was nie, het hy my opgevreet.

BOKKIE EEN: Rooikappie is reg. Hy wou ons ook vang en eet.

BOKKIE TWEE: Hy het sy pote vol meel gestrooi en gemaak of hy ons ma is. Ons het amper die deur vir hom oopgemaak.

BOKKIE DRIE: Ma sê altyd ons moet NOOIT die deur vir vreemdelinge oopmaak nie, maar hy het ons mislei.

BOKKIE VIER: Nou is ons baie versigtig. Ons loer altyd by die klein venstertjies in ons mure uit om te sien wie buite is.

SNEEUWITJIE: Maar wolf was so vriendelik en so hartseer. Ek is seker hy sal MY, 'n klein meisietjie, nooit seermaak nie.

KLEIN VARKIE: Party boewe is soos hierdie vraatsige wolf. Hulle maak of hulle jou vriende is, maar as jy hulle eers laat inkom, vreet hulle jou op. Wolf het my strooihuisie omgeblaas. Ek kon net betyds na Middelvarkie se huis vlug.

MIDDELVARKIE: Hy't my stokkieshuisie ook omgestamp. Ons kon net betyds na Grootvarkie se huisie vlug.

GROOTVARKIE: (TROTS) Ek was nie so dom soos hulle nie. Ek het my sterk steenhuisie op 'n groot rots gebou. Hy probeer nog elke dag om by my huis in te kom, maar my huis is te sterk vir hom.

BOKKIE VYF: Selfs 'n sterk steenhuis is nie veilig nie as jy so dom is om die deur vir hom oop te maak.

BOKKIE SES: Onthou: Wolf doen hom altyd voor as 'n goeie wolf. Hy probeer jou sus en stel jou gerus.

BOKKIE SEWE: Maar wolf is wreed en slu en listig.
Pas tog op, en wees versigtig!

Almal saam SING nou hierdie keer: (<u>Feëtjies</u> wat intussen verskyn het, sing ook nou saam om haar te waarsku.)

Lied 4: *PAS TOG OP EN WEES VERSIGTIG!*

(Nou word die liedjie gesing. Nie meer ‘n spreekkoor nie)

Pas tog op en wees versigtig!
Wolf probeer om jou te sus.
Wolf is hart’loos, O so listig.
Hy maak jou maar net gerus.
O pas tog op! Ja, pas tog op!
Wolf wil jou fop.
Pas tog op! Pas tog op!

'N HOUTKAPPER MET BYL IN DIE HAND KOM OP.
Hy sien Wolf raak en storm op hom af. Wolf hardloop wild-vlugtend heen en weer tussen die karakters deur oor die verhoog voor die houtkapper uit. Die die varkies, bokkies, asook Rooikappie por die houtkapper juigend aan. Wolf en Houtkapper maak 'n hele paar draaie en stuitige bokspronge op die verhoog voordat albei van die verhoog afstorm en tussen die gehoor deur uit die saal hardloop. *(Maak dit ‘n komiese toneeltjie wat die kinders sal laat lag.)*

Die ligte verdof terwyl die ander karaktertjies ook aftrippel.
Net die BLOMMETJIES voor die dwergies se huisie bly sit.

TONEEL 3: DIE SEWE DWERGIES-TONEEL

TROMGEROFFEL kondig die nuus aan, want
OUPA TOM BY SY NUUSTROM MAAK WEER 'N AANKONDIGING:

Goeiemôre Sprokiesland.
Dit het onder NUUSTROM se aandag gekom dat daar vreemde dinge in die bos aan die gang is. En dié dinge het alles te doen met die verdwyning van ons geliefde prinsessie, Sneeuwitjie.
Kom ons gaan kyk 'n bietjie wat in die bos aangaan.

DIE VERHOOGLIGTE VAL NOU VOL OP DIE DWERGIES SE HUISIE OP DIE AGTERGROND wat tot dusver in skemerte gehul was.
'N LIG gaan binne in die dwergies se huisie aan. Die deurtjie gaan oop.

TERWYL ***LIED 5 KATATUMBA**** *(die temaliedjie van die operette) sag begin speel (dit word nog nie gesing nie),* TREE DIE DWERGIES EEN VIR EEN NA BUITE.

OUPA TOM KONDIG ELKE DWERGIE WAT VERSKYN, SE KENMERKENDE EIENSKAPPE AAN terwyl die musiek steeds baie sag op die agtergrond speel.

GROMPIE-BROMPIE *('n Ou dwergie met 'n lang baard, 'n knorrige gesig, punthoed en omkrul skoene. Hy dra 'n pik.)*

OUPA TOM: Dit is Grompie Brompie.
Hy is oud en kwaai en laat die hare waai!

TINKIE-PINKIE: *('n Klein dwergie met 'n Superman-pakkie aan (met mantel en al). Op sy kop is 'n dwergie-hoed en aan sy voete is dwergie-skoene. Hy dra steierend 'n groot kis bokant sy kop, asof hy dink dat hy baie sterk is.)*

OUPA TOM: Dit is Tinkie-Pinkie. Hy is klein, maar sterk en taai!
Hy dink hy is …… wie? Kan julle raai!)
(Kinders reageer deur SUPERMAN te skreeu)

WIMPIE-SLIMPIE*: ('n Regte klein "nerd" dwergie met 'n bril en boek naby sy gesig wat hy al lesend en struikelend loop en lees. Hy sleep 'n grafie agter hom aan, maar smyt dit neer om 'n selftoon uit sy sak te haal. Hy druk met sy een hand op sy selfoon maar lees ook so tussendeur in sy boek. Hy los die graaf net daar en het vrede met wat om hom aangaan).*

OUPA TOM: Dit is Wimpie-Slimpie. Hy lees net heeltyd boek
of bly op sy selftoon na speletjies soek.

VAATJIE-VRAATJIE: *('n Dwergie met 'n boep-magie wat uit 'n reuse pak "chips" eet, terwyl hy 'n koelhouer steunend agter hom aansleep.)*

OUPA TOM: Dit is Vaatjie-Vraatjie. Hy leef van tjips en coke en koek.
(Speels: Minister Msimang… gaan hom nog vang!)

JAPIE-SLAPIE: *(Hy is nog in sy nagklere, maar het darem sy dwergie-hoed en punt-skoene aan. Hy gaap aanhoudend, vryf sy oë en loop half-slingerend. Hy laat val die saag wat hy dra. Dit bly lê terwyl hy vaak voortstrompel.)*

OUPA TOM: En hier kom Japie-Slapie. Hy's 'n regte aap. (skaap???)
In die nag kyk hy TV *(Tie-Wie),* in die dag wil hy slaap.

FANIE-SKAMIE: *(Hy loop kop onderstebo, loer skuins na bo en suig aan sy vinger – 'n toonbeeld van iemand wat baie skaam is. As hy die gehoor raaksien, probeer hy agter sy grafie wegkruip).*

OUPA TOM: En daar is Fanie-Skamie. Die feëtjies is dol oor hom!
Hy hou hom dalk net skaam, want hy is glad nie dom!

SNIFFIE-SNUIFIE*: (Hy het 'n rooi neus en hou 'n baie groot sakdoek voor sy neus terwyl hy loop en snuif. Die blommetjies wuif vrolik vir hom. Hy begin nies, en hulle lag en wink hom nader as hy nies of snuif.)*

OUPA TOM*:* Sniffie-Snuifie het hooikoors wat hom laat nies en snuif,
Dis omdat die blomme hom altyd nader wuif.

DIE MUSIEK SWEL UIT EN SLAGINSTRUMENTE VERSTERK DIE STERK STAP-RITME VAN DIE LIEDJIE WAT STEEDS NOG NIE GESING WORD NIE.

(LIED 5: *KATATUMBA (musiek alleen)*

DIE SEWE DWERGIES LOOP AL KRONKELEND OOR DIE VERHOOG asof hulle ver stap na hulle werksplek toe. Hulle stap effens geboë (soos dwergies) maar die meeste tel hulle voete hoog op, sodat die puntskoene duidelik gesien kan word. Japie-Slapie en Wimpie-Slimpie loop slingerend en uit pas met die res (en uit pas met die musiek). Tinkie-Pinkie het groot moeite om by te bly met die groot vrag wat hy bo sy kop dra.

GROMPIE-BROMPIE KYK OM, SIEN JAPIE-SLAPIE EN WIMPIE-SLIMPIE HET NIE HULLE GEREEDSKAP NIE. Hy storm kwaad op hulle af, pluk hulle rond, gryp Wimpie-Slimpie se selfoon en wys kwaai terug in die rigting van die huisie. Hulle hardloop verskrik terug om hulle werktuie te gaan haal. Toe hulle weer terug is in die ry, wys Grompie-Brompie sy vinger kwaai vir hulle. Nou stap hulle flink en in pas met die res van die dwergies terwyl **almal die woorde van die Dwergies se stap- en werksliedjie nou uit volle bors saamsing.**

Lied 5: ***KATATUMBA* (*****uitgespreek as Katatoemba.)**

Katatumba, toemba, toemba,
Kyk hoe stap ons deur die bos.
Katatumba, toemba, toemba.
As ons werk, dan het ons kos.
Katatumba, toemba, toemba,
In ons arbeid elke dag
Katatumba, toemba, toemba
Werk ons steeds met lus en krag!

Terwyl hulle stap, sing hulle slegs die eerste strofe Dit kan herhaal word om genoeg tyd te gee vir die manewales van Grompie-Brompie en Wimpie-Slimpie. Eers as hulle begin werk, word die tweede strofe gesing.

Die DWERGIES marsjeer ritmies en al singend, in 'n ry agter mekaar, kronkelend oor die verhoog. Hulle kom aan een kant van die verhoog tot stilstand. ***Steeds singend begin hulle dan ritmies op die maat van die liedjie (2de strofe), kap en pik en spit en saag.*** Die tweede strofe kan ook herhaal word terwyl hulle werk. Sniffie-Snuifie se sakdoek werk net so hard soos hyself. Japie-Slapie werk al hoe stadiger…sy kop knik…hy staan en slaap teen sy graaf! Vaatjie-Vraatjie kou aan 'n appel terwyl hy met een hand probeer werk. Wimpie-Slimpie probeer skelm lees. Hy vergeet om te werk..

Katatumba, toemba, toemba.
Laat ons saag en pik en spit.
Katatumba, toemba, toemba.
Ons kan nie 'n oomblik sit.
Katatumba, toemba, toemba.
Wil jy eet, dan moet jy werk.
Katatumba, toemba, toemba.
As ons werk, dan word ons sterk

.

GROMPIE-BROMPIE: (KWAAI) Wimpie-Slimpie, LEES jy alweer terwyl jy

moet werk? Waar kry jy daardie boek?

TINKIE-PINKIE: Bennie Boekwurm het dit gister vir hom gebring, Grootbroer Grompie.

GROMPIE-BROMPIE: Ek sal daardie Bennie Boekwurm moet kortvat. Van boeklees kom niemand se maag vol nie. Gaan sit neer daai boek. Jy kan vanaand verder lees.

WIMPIE-SLIMPIE: Asseblief Grootbroer. Dis amper etenstyd. Terwyl almal eet, lees ek altyd so tussendeur.

GROMPIE-BROMPIE: (KWAAI) Ek praat nie weer nie! Gaan sit daai boek neer! Dis nog ver van etenstyd af.

VAATJIE-VRAATJIE: Ag nee. Dit kan nie wees nie. Ek kan nie verder werk nie. Ek is flou van honger.

GROMPIE-BROMPIE: Wat het jy vanoggend geëet, Vaatjie?

VAATJIE-VRAATJIE: Net ‘n ou broodjie met heuning … en ‘n ou worsie… en ‘n ou patatatjie. Dis al.

TINKIE-PINKIE: Hy jok. Hy het byna al die melk opgedrink. Daar was niks vir my oor nie. En op pad hierheen het hy ‘n appel ook geëet.

VAATJIE-VRAATJIE: (HUILSTEMMETJIE) Ek sal NOOIT kan werk as my magie so leeg is nie.

GROMPIE-BROMPIE: Hierdie huishouding is in ‘n goe-as. Dis omdat hier nie ‘n vrou is wat dinge kan reghou nie.

WIMPIE-SLIMPIE: CHAOS (ga-os) Grootbroer. Nie goe-as nie. As jy ook net boeke wil lees, sal jy ook meer van groot woorde weet.

GROMPIE-BROMPIE: Stil jy! Ek het nie jou opinie gevra nie. As ek goe-as wil sê, sal ek goe-as sê. Waar is Japie-Slapie? Ons is nie almal nie.
(BEVELEND) Staan in ‘n ry dat ek julle kan tel. Dan eet ons nou en werk netnou verder.

ALMAL GAAN STAAN IN ‘N RY, Japie-Slapie ook, nadat Sniffie-Snuifie eers aan hom gestamp het.

GROMPIE-BROMPIE: (TEL AFGEMETE) Een, twee, vyf, vier, ses…

WIMPIE-SLIMPIE: Mens tel nie so nie, Grootbroer.

GROMPIE-BROMPIE: Dis julle wat my so deurmekaar maak. Sniffie-Snuifie, tel jy.

SNIFFIE-SNUIFIE: *(hy wys na elkeen wat hy tel, maar vergeet om himself te tel)*
Een …*(nies),* twee, drie (*nies),* vier, vyf, ses.
(VERBAAS) Hier's net ses van ons. Wie is weg?

(Almal begin gelyk tel, maar tel hulself ook nie by nie. Wimpie-Slimpie staan die deurmekaar spulletjie en bekyk. (BEROERING) Almal praat gelyk:

Ons is net ses. Iemand is weg. Wie is dit?

WIMPIE-SLIMPIE: Ag, staan tog stil dat ek julle kan wys hoe julle moet tel.

HULLE GAAN STAAN WEER IN 'N RY. *Hy tel terwyl hy na elkeen wys en teatraal aan die einde ook na homself wys.*

WIMPIE-SLIMPIE: Dit, Grootbroer, is wat boekelees aan 'n man doen. Dit leer jou om hierdie ding (*wys na sy kop)* te gebruik.

GROMPIE-BROMPIE: (KWAAI) Stil Mannetjie. Jy's te groot vir jou skoene. Vandag kry julle geen rustyd nie. Eet julle kos, en laat ons werk. Ons het genoeg tyd gemors.

ALMAL MOR EN KLA EN VRYF AAN HULLE SEER RUGGIES.

Die ligte, dartelende, soet klanke van die VOËLTJIES EN FEËTJIES SE LIEDJIE word nou gehoor. *(Nou nog **slegs instrumentaal**. Gebruik ook **slaginstrumente** om meer kinders te betrek.*

VOËLTJIES EN FEËJIES KOM OPGEWONDE DARTELEND OP DIE VERHOOG. Hulle voer danspassies en vliegbewegings uit terwyl hulle ook in sirkels aan hulle kant van die verhoog "vlieg". Na 'n rukkie sien hulle die dwergies raak wat aan die ander kant van die verhoog hulle rûe vryf.

Nou eers SING die voëtjies en feëtjies hul mooi liedjie terwyl hulle angstig vir die dwergies wink.
Hulle maak mimiekbewegings wat by die sang pas, bv. wys in die rigting van die huisie, neem die grawe en pikke uit die hande van die dwergies en sit dit op die vloer neer, ens.

LIED 6: TIERA-LIERA-LIE *

Tiera-liera-lie, tiera-liera-lie, tiera-liera-liera!
Tiera-liera-lie, tiere-liera-lie, tiera-liera-liera!
O, gaan kyk langs jul huisie daar voor om die draai
Is 'n kleine ou meisietjie fraai.

Tiere-liera-lie… ens. (eerste 2 reëls herhaal)
Sit tog neer al jul grawe, jul byle, jul pik,
Want die meisietjie sal daarvoor skrik.

Tiera-liera-lie … (herhaal)
Wees tog vriend'lik die meisietjie is so alleen
En sy weet nie wat nou of waarheen.

Tiera-liera-lie … ens.
Ja, gaan kyk langs jul huisie daar voor om die draai
Is 'n kleine ou meisietjie fraai.

TONEEL 5: DIE DWERGIES- EN SNEEUWITJIE TONEEL

Die DWERGIES gryp hulle goed en stap nou baie vinnig op die maat van KATATUMBA (vinnig gespeel met sterk ritme) terug na hulle huisie. Dis nou 'n kort stappie.

Terwyl hulle nader aan die huis kom, kom SNEEUWITJIE uit die huisie. Sy het 'n voorskootjie aan en het 'n besem in die een hand. Met die ander hand skud sy 'n stoflap uit.

DIE DWERGIES STEEK VAS TOE HULLE HAAR SIEN EN OOK SNEEUWITJIE STAAN DOODSTIL VIR HULLE EN KYK.

GROMPIE-BROMPIE: (BOT) Wie is jy, meisiekind? En wat maak jy hier?

SNEEUWITJIE: Ek is Prinses Sneeuwitjie van Sprokiesland. Die nuwe koningin wou my laat doodmaak terwyl my pa, koning Boudewyn, op 'n jagtog was. Maar die laksman kon dit nie oor sy hart kry om my dood te maak nie. Toe los hy my maar hier in die bos.

DWERGIES: (ALMAL GELYK) 'n Prinses? Siestog. Skande!

FANIE-SKAMIE: 'n Prinses. Hier by ons? Maar laat ons haar welkom heet.

Die dwergies, voëltjies, feëtjies en blommetjies sing nou almal saam 'n groetliedjie. Sing dit stadig, ritmies, gevoelvol en gedrae, soos die mense van Afrika dikwels sing. Dit klink dan baie mooi.

Lied 7: *O DUMELA, MOSETSANA.**
(Goeiedag, Meisietjie!)- [uitspraak: oe doemêla]
O, dumela mosetsana, mosetsana, dumela.
O, dumela, mosetsana, mosetsana dumela
Oh, we love you, little Snow-white. How we love you, little girl.
You are welcome, you are welcome! Stay with us, O little girl.

GROMPIE-BROMPIE: (DINK NA. DAN TELEURGESTELD) ‘n Prinses? Ag nee. ‘n Prinses kan mos nie werk nie.

SNEEUWITJIE: Wie sê so? Kom kyk bietjie wat het ek vandag alles in hierdie deurmekaar huis gedoen terwyl julle weg was.

Hulle stap na die huisie toe. Grompie-Brompie steek verbaas in die deur vas. Draai na ‘n rukkie om:

GROMPIE-BROMPIE: Ek kan my oë nie glo nie. Dit lyk mos nou na ‘n ***huis*** hierbinne. (DRAAI NA SNEEUWITJIE) Prinses, jy kan maar by ons bly as jy ons sal help huis skoonmaak…

SNIFFIE-SNUIFIE: en my baie sakdoeke sal was …

VAATJIE-VRAATJIE: en vir ons lekker kos sal maak…

JAPIE-SLAPIE : En my sal los dat ek kan slaap solank ek wil. En Wimpie-Slimpie sal kan boeklees, en … en…

WIMPIE-SLIMPIE : Liewe aarde! Wil julle hê sy moet haar doodwerk? Gebruik tog hierdie ding (*wys na sy kop. Draai dan na Sneeuwitjie toe) :* Toemaar, Prinsessie, ek sal ‘n werkrooster uitwerk en ons sal almal ons deel doen. Ons is baie ongeskik. Ons het jou nog nie eers behoorlik gegroet nie, en deel al klaar vir jou soveel werk uit.

GROMPIE-BROMPIE staar Sneeuwitjie steeds fronsend aan. Maar TINKIE-PINKIE ken sy maniere. Hy loop tot by Sneeuwitjie, neem die besem en stoflap by haar, sit dit eenkant neer, buig galant en wys met 'n swaai van sy hand na die huisie en sê:

TINKIE-PINKIE: Welkom hier by ons, Prinsessie.

Almal op die verhoog sing uit volle bors – met enkele vals note tussenin.

Lied 8 : *WELKOM HIER BY ONS! *
Welkom hier by ons, O fraaie klein prinsessie.
Welkom hier by ons, O fraaie klein prinsesse
Ons is so bly jy het ons huis gekry!

Maak jou nou maar tuis hier in ons need’rig huisie.
Maak jou nou maar tuis hier in ons need’rig huisie.
Ja, welkom weer. Dit is vir ons ‘n eer!

WIMPIE-SLIMPIE: Julle sing vals! En dit vir ‘n prinses. Skaam julle!

FANIE-SKAMIE: Die *wysie* kan dalk vals klink, maar ons *woorde* is opreg. Ons is baie bly sy het ons huisie gekry. WELKOM, PRINSES.

GROMPIE-BROMPIE tree nou na vore. Hy stamp almal in sy pad eenkant toe en lei Sneeuwitjie self na die deurtjie toe. By die deur steek hy vas en wys waarskuwend na die deur. Al die dwergies wys ook na die deur en sing die derde strofe waarin sy gewaarsku word om die deur gesluit te hou.

Hou die deur gesluit
en gaan tog nie na buite.
Hou die deur gesluit
en gaan tog nie na buite.
Hou toe die deur,
dan kan daar niks gebeur.

Sneeuwitjie en die dwergies gaan almal in die huisie in. JAPIE-SLAPIE spring terug, gryp die besem en stoflap, kyk rond of iemand hom nie dalk gesien het nie, en neem die skoonmaakgoed so half agter sy rug in die huisie in.

OUPA TOM (geamuseerd):
Iemand is bly hulle het hulp in die huis gekry!
As hy dink hy sal nou laat kan slaap,
is hy nog steeds 'n regte aap!

FANIE-SKAMIE: Ons sal Koning Boudewyn moet laat weet dat sy geliefde dogter hier by ons is. Hy bekommer hom seker vreeslik oor haar.

SNEEUWITJIE: Dit sal gaaf wees. Prins Adelhart is seker net so bekommerd.

FANIE-SKAMIE: Wie's hy?

SNEEUWITJIE: Die Prins met wie ek binnekort gaan trou. Hy sal my moet saamneem na sy paleis toe, want ek is bang vir die bose koningin.

GROMPIE-BROMPIE: Wie sal ons stuur? Een van ons sal nie kan gaan nie. Ons het te veel werk.

HASIE: Ek sal gaan. Ek is die vinnigste dier in die bos.

SKILPAD: Stuur liewer vir my. Hasie is vinnig, maar kan nie vertrou word nie. Ek het laas die wedren gewen toe ons resies gehardloop het. Hy het vergeet waaroor ons resies gaan.

TINKIE-PINKIE: (VERBAAS) Waar kom julle twee vandaan?

HASIE: Ons het gesien hierdie mooi klein meisietjie is alleen hier. Toe besluit ons twee om haar op te pas totdat julle terugkom. En ek is nie onbetroubaar nie. Ek het~~moes~~ laas toe ek en skilpad reisies gehardloop het, maar net

tussenin so bietjie gerus sodat hy nie te sleg moet voel omdat hy so ver sou verloor nie. Toe raak ek die slaap.

SKILPAD: HAAS JOU LANGSAAM. Dit is wat ek glo. EK sal die boodskap by Koning Boudewyn en Prins Adelhart kry.

GROMPIE-BROMPIE: Nou toe, waarvoor wag julle? Ek stuur julle altwee. Weg is julle!

HASIE bokspring eers hoog in die lug en spring toe met ‘n vaart weg.
SKILPAD stap rustig agterna.

TONEEL 6: DIE HANSIE- EN GRIETJIE- en HEKSTONEEL

SKIELIKE ONHEILSPELLENDE TROMGEROFFEL (Hard, dreigend en anders as Oupa Tom se tromgeroffel). Dan DOODSE STILTE.

OP DIE AGTERGROND BEWEEG DIE FIGUUR VAN ‘N HEKS met 'n swart punthoed op en 'n mandjie in haar een hand en haar vlieg-besem in haar ander hand, stadig verby. Sy steek vas, haal die punthoed af en sit die besem en hoed op die grond agter 'n bos neer. As sy orent kom, is sy ‘n mooi, jong vrou. Uit die mandjie haal sy 'n tjalie en drapeer dit om haar kop en skouers. Sy loop nou gebukkend en lyk na ‘n vriendelike ou tannietjie. Sy tel die mandjie op, haal 'n groot, rooi appel uit, kyk daarna, lag kekkelend en beweeg stadig onder die geluid van haar eie kenmerkende TROMGEROFFEL uit die gesigsveld uit. (***Net ‘n paar swaar tromslae. Anders as Oupa Tom s’n.)***

HANSIE EN GRIETJIE VERSKYN SKIELIK OP DIE VERHOOG. HULLE KLOP AAN DIE DEURTJIE.
Niks gebeur nie. Hulle klop weer. Iemand loer uit die klein venstertjie van die huisie na buite.
DIE DEUR GAAN OOP EN DIE DWERGIES KOM UIT. SNEEUWITJIE KOM NIE UIT NIE, MAAR LOER EN LUISTER DEUR DIE KLEIN VENSTERTJIE.

GROMPIE-BROMPIE: (NORS) Wie is julle en wat soek julle hier?

HANSIE : Ons is Hansie en Grietjie. Ons het in die bos verdwaal. Toe ons baie dors en honger was, het ons ‘n mooi huisie van koek en lekkers gesien. Toe ons nadergaan, het ‘n ou vroutjie ons ingenooi. Toe ons ingaan, het sy ons in ‘n hok toegesluit.

GRIETJIE : Toe kom ons eers agter dat dit ‘n heks was. ‘n Mensvreter-heks. (SY GRIL EN KYK BANG ROND)

GROMPIE-BROMPIE : Julle was baie dom om in ‘n vreemde huis in te gaan.

GRIETJIE : Die vroutjie was so vriendelik en ons was so moeg en honger. Ons het haar vertrou. Nou is ons weer moeg en honger.

GROMPIE-BROMPIE: (ONVRIENDELIK) Ons soek julle nie in ons huis nie. Julle is ook vreemd. Ek vertrou geen vreemde mense nie. Netnou verander julle ook in hekse of wolwe. Ons sal vir julle kos gee, maar dan moet julle gaan.

SNEEUWITJIE KOM SKIELIK BY DIE DEUR UIT. SY STAP NADER :

SNEEUWITJIE : Grootbroer Grompie, ons kan hulle nie wegstuur nie. Ons kan mos sien hulle is twee verdwaalde, bang kinders. Ons MOET hulle help.

GROMPIE-BROMPIE: (WANTROUIG) Hoe het julle uit die heks se hok ontsnap? Wie sê sy het julle nie agtervolg nie?

HANSIE : Sy kan niemand ooit weer skade aandoen nie, want die heks is dood.

SNEEUWITJIE : Dood? Is jy seker? (BANG) Ek skuil ook hier by die dwergies. Ek vlug ook vir ‘n heks.

HANSIE EN GRIETJIE sing nou lied nr. 9 om Sneeuwitjie gerus te stel.

Lied 9: *DIE HEKS IS DOOD **

<u>Hansie en Grietjie sing saam:</u>
Die heks is dood. Jy’t niks te vrees
Ons twee was daar gewees.
Ja, ons skrik was groot, maar die heks is dood
Die ou heks is dood
en jy hoef niks te vrees nie.

<u>Hansie sing nou alleen:</u>
Die heks is dood, sy het verbrand.
Ons twee was daar gewees.
In haar eie oond. In haar eie oond.
In haar eie oond.
Ja jy hoef niks te vrees nie.

<u>Sneeuwitjie alleen sing nou:</u>
Die heks is dood, ek’t niks te vrees
Want hul was daar gewees.
Ja, hul skrik was groot, maar die heks is dood.
Die ou heks is dood
en ek hoef niks te vrees nie.

<u>Almal op die verhoog en ook die koor sing nou saam:</u>
Die heks is dood, sy't niks te vrees
Want hul was daar gewees.
Ja, hul skrik was groot, maar die heks is dood
In haar eie oond –
en sy hoef niks te vrees nie!

GROMPIE-BROMPIE: Goed, ek sal vir julle kos gee, maar daar is nie plek in ons huisie vir julle ook nie. Julle sal moet teruggaan na julle eie huis toe.

GRIETJIE: (MOEDELOOS) Maar hoe gaan ons by die huis kom? Ons verdwaal aanhoudend in hierdie bos.

WIMPIE-SLIMPIE: Ek het die houtkapper die hele dag hoor hout kap in die bos. Hy is nie ver van ons af nie. Hy ken die bos en is slim en dapper.

SNEEUWITJIE: (OPGEWONDE) Daar kom hy juis nou aangestap!

DIE HOUTKAPPER MET SY BYL VERSKYN.

GROMPIE-BROMPIE: Houtkapper, sal jy hierdie twee kinders kan terugneem na hulle huis toe? Hulle het verdwaal in die bos. Ons sal vir julle kos saamgee.

HOUTKAPPER: Geen probleem nie.

SNEEUWITJIE: (OPGEWONDE) Ek kan jy my nie sommer ook saamneem en terugneem na my pa en my prins toe nie? (PLEITEND) Groot asseblief, Meneer Houtkapper!

HOUTKAAPPER: Wie's jou pa, Meisie?

SNEEUWITJIE: Koning Boudewyn van Sprokiesland. En ek is Sneeuwitjie.

HOUTKAPPER: Jammer, Prinses. Hierdie twee kinders woon in Menseland. En u woon in Sprokiesland. Ek is 'n gewone mens. Ek kan nie Sprokiesland binnegaan nie, behalwe in my drome en deur boeke te lees. Sprokiesland is 'n ander wêreld as ons wêreld. Baie jammer, Prinses.

SNEEUWITJIE: Toemaar, ek verstaan. Ons wag dan maar vir Hasie of Skilpad om vir my mense te sê waar ek my bevind.

DIE LIGTE VERDOF TOT DONKER. ALMAL GAAN VAN DIE VERHOOG AF. DAN WORD DIT STADIG WEER LIGTER

DIE OU VROU IN HAAR TJALIE (vermomde koningin/heks) KOM SKUIFELEND OP. Sy klop aan die deur en Sneeuwitjie loer by die venstertjie uit. Na ‘n rukkie gaan die deurtjie oop en sy kom uit.
‘N STUKKIE MIMIEK VOLG: Hulle “gesels” vriendelik. Die ou vrou gee Sneeuwitjie ‘n drukkie. Die ou vrou haal ‘n appel uit haar mandjie en gee dit vir Sneeuwitjie. Sneeuwitjie hap daaraan en sak inmekaar. Die ou vrou gee die heks se kekkellag en verdwyn weer met haar eie kenmerkende TROMGEROFFEL van die toneel af.

TONEEL 7: DIE DWERGIES, BLOMMETJIES EN DIERTJIES TREUR

DIE DWERGIES KOM MOEG MET HULLE GEREEDSKAP TERUG VAN DIE BOS AF. HULLE STAP STADIG OP DIE STADIGE MAAT VAN DIE DWERGIELIEDJIE, *KATATUMBA,* TERUG. Hulle is te moeg om saam te sing.

Die dwergies skrik toe hulle Sneeuwitjie voor die huisie sien lê. Hulle vorm 'n kring om haar en huil en sing hulle treurliedjie.

MIMIEK: Almal treur en weeklaag terwyl hulle die liedjie sing.

Lied 10: *AI TOG, WAT HET GEBEUR VANDAG?*
(Herhaal die kort liedjie. Ook die mimiek)

Ai tog, wat het gebeur vandag?
Ai tog, hoor nou ons jammer-klag.
O my! Waarom? O sê vir my
het ons nie by haar gebly?

TONEEL 8: SLOTTONEEL

PRINS ADELHART kom op. Hy beur tussen die treurendes deur en skrik toe hy Sneeuwitjie sien lê. Hy buig oor haar, skud aan haar, lig haar bolyf half op en slaan haar op haar rug. Sy spoeg ‘n stuk appel uit! Sy kom stadig orent in sittende posisie.

DIE GEHUIL VERANDER IN ‘N JUBELENDE GEJUIG: Sy leef! Sy leef! Ons prinsessie leef! Die gifappel is uit haar keel!

PRINS ADELHART TREK SNEEUWITJIE OP EN HULLE OMHELS MEKAAR. Dan sing hulle saam ‘n duet :

Lied 11: *EINDELIK IS ONS TWEE NOU BYMEKAAR*
(Die Prins sing)
Eind’lik is ons twee nou by mekaar
My prinses is in die bos bewaar.
Maandelank het ek die land deurkruis
Op my soektog ver van huis,
Op my soektog ver van huis.

(Prins en Sneeuwitjie sing refrein saam):
Blye dag, die toekoms lag
Want ons twee is altyd by mekaar!

(Sneeuwitjie sing)
Ja, sy soektog was toe nie vergeefs
By die dwergies was ek nooit bevrees.
In my hart het ek maar steeds geweet
Hy sal my mos nooit vergeet,
Hy sal my mos nooit vergeet.

(Prins en Sneeuwitjie sing refrein aan die einde twee keer saam):
Blye dag, die toekoms lag,
want ons twee is altyd by mekaar!

Die PRINS en SNEEUWITJIE staan by mekaar terwyl almal op die verhoog vrolik sing:

Lied 12: ***ONS IS NOU ALMAL BAIE BLY***

Ons is nou almal baie bly,
baie bly, baie bly.
Ons is nou almal baie bly,
die Prins het haar gekry!
Nou's hul vir altyd by mekaar,
ja by mekaar, ja by mekaar.
Nou's hul vir altyd bymekaar.
BLY LANK VIR ONS GESPAAR!
(Juigend. Heildronk!)

TERWYL DIE LIEDJIE GESING WORD, KOM AL DIE ANDER KARAKTERS OOK VINNIG OP DIE VERHOOG.

Tromgeroffel wat nuus aankondig:

OUPA TOM: Goeienaand, Sprokiesland. OUPA TOM SE NUUS-TROM het belangrike nuus!

Soos julle reeds weet, is Prinses Sneeuwitjie gevind. Koning Boudewyn is baie bly en Prins Adelhart ook, want hy het sy bruid gekry.

Die slegte heks-koningin het na die ver en donker land teruggevlug waar sy vroeër gewoon het. Sy is nooit weer in Sprokiesland gesien nie.

En nou het NUUS-TROM die voorreg om ons geliefde KONING BOUDEWYN aan die woord te stel. Hy het 'n boodskap aan almal in Sprokiesland en Menseland wat sy dogtertjie versorg en beskerm het en haar veilig aan hom terug besorg het.

KONING BOUDEWYN SING:

Lied 13: *EK IS SO BLY, EK IS SO DANKBAAR*

Ek is so bly, ek is so dankbaar
vir elke goeie vrind.
Na kommervolle maande
het ek my kind gevind.
Dankie tog, o kleine dwergies
vir jul troue hulp aan haar.
Ook die diertjies in die bos
wat nou hier saam vergaar.

En, ja dankie liewe feëtjies.
Hoe kan ek jul vergoed?
Jul het van bose magte
my dogtertjie behoed.
Vir jul sorgsaamheid en trouheid
en vir jul dapperheid en moed
Kan ons maar net met liefde
vir almal hier vergoed.

KONING BOUDEWYN: Eind goed, alles goed!
En nou gaan ons julle groet.

Lied 14: *RE A LEBOGA**

*(Op die melodie van **Katatumba,** sing almal op die verhoog nou saam vir die gehoor 'n DANKIE-SÊ LIEDJIE in drie tale.*
(Re a leboga / We say thank you / Ons sê dankie.)

Re a leboga, re a leboga!
WE say thank you to you ALL
ONS sê dankie, baie dankie
vir u ALMAL hier vanaand. (vandag?)
Re a leboga, re a leboga,
WE say thank you to you ALL.
ONS sê dankie, re a leboga,
vir u almal hier vanaand. (vandag?)

Kopiereg: Joey van Niekerk. Tel. (012) 567-2102 ; 072 7557523.
E-pos: joeyvn@mweb.co.za

---

* By hierdie liedjie kan die kinders sommer leer om "Dankie" en "Asseblief" in Noord-Sotho te sê.
Ke a leboga = *Ek* sê dankie. **Re a leboga** = *Ons* sê dankie (soos by 'n konsert met baie mense.)
Asseblief = **ka thapêlo.**

LYS VAN LIEDJIES

1. Jy is die vervulling van al my drome (Kanon deur Prins en Sneeuwitjie)
2. Wees nie bang. (Diertjies, feëtjies, blomme, en almal in bos.)
3. Ek is ‘n goeie wolf.* (Moet goed kan sing en toneelspeel)
4. Pas tog op en wees versigtig (varkies, bokkies en Rooikappie)
5. Ka-ta-tum-ba.* (Sewe dwergies)
6. Tie-ra-lie-ra-lie.* (Voëltjies en feëtjies)
7. O Dumela Mosetsana* (Dwergies en woudbewoners se groetliedjie)
8. Welkom hier by ons* (Dwergies en almal op verhoog)
9. Die Heks is dood.* (Hansie en Grietjie en koor)
10. Ai tog, wat het gebeur vandag? (Dwergies)
11. Eindlik is ons twee nou by mekaar (Prins en Sneeuwitjie)
12. Ons is nou almal baie bly. (Al die karakters sing saam)
13. Ek is so bly, ek is so dankbaar. (Koning Boudewyn)
14. Re a leboga* / ons sê dankie (Al die karakters saam)

ROLVERDELING

Karakters wat (soms) moet kan sing en goed moet kan toneelspeel.

1 Oupa Tom; Nuusleser en kommentator (Duidelike spraak belangrik) Saam met hom ‘n Tromslaner wat met sy twee kenmerkende tromslae die verskil tussen die Nuus en die Heks se binnekoms moet kan aandui.)

2 Sneeuwitjie

3 Prins Adelhart

4 Koning Boudewyn

5 Wolf

6 Rooikappie

6-12 Die sewe dwergies: (As hulle effens valserig sing, pas dit perfek in by hulle rolle.)
- Grompie-Brompie
- Tinkie-Pinkie
- Wimpie-Slimpie
- Vaatjie-Vraatjie
- Japie-Slapie
- Sniffie-Snuifie
- Fanie-Skamie

13 Voëltjies en feëtjies

14 Hansie en Grietjie

15 Drie Varkies

16 Sewe bokkies

Karakters wat moet dans of ritmies moet kan beweeg:

17 Oupa Uil (Stadige, ritmiese vliegbewegings)

18 Koningin van die nagfeëtjies (Danstoneel)

19 Aantal nagfeëtjies. Dans saam met Feëkoningin (7-10)

20 Aantal vuurvliegies [7-10] (Danstoneel)

21 Aantal vlinders [7-10] (Danstoneel)

22 Blommetjies (Kleinste kindertjies. Sit en wieg net saam en sing sag saam wat hulle kan onthou)

Praat- en mimiekrolle:

23 Skilpad en Hasie

24 Houtkapper (Ook komiese kaperjolle saam met wolf)

25 Bose koningin / heks. (Kort rol. Hoofsaaklik moeilike mimiek)

Opsioneel:

Slagorkes,

Sangkoor,

Spreekoor.

LIED 5: KATATUMBA - DIE DWERGIES SE LIEDJIE

Wanneer hulle in die bos werk, word die tweede strofe gesing. Hulle spit en pik en saag ritmies saam met die musiek.

Katatoemba, toemba, toemba, laat ons saag en pik en spit,
Katatoemba, toemba, toemba, ons kan nie 'n oomblik sit.
Katatoemba, toemba, toemba, wil jy eet dan moet jy werk.
Katatoemba, toemba, toemba, as ons werk, dan word ons sterk.

Ka-ta-toem-ba, toem-ba, toemba, kyk hoe stap ons deur die bos. Ka-ta

toem-ba, toem-ba, toem-ba, as ons werk, dan het ons kos. Ka-ta

toem-ba, toem-ba, toem-ba, in ons ar-beid el-ke dag, Ka-ta

toem-ba, toem-ba, toem-ba, werk ons steeds met lus en krag!

DIE VERLORE PRINSES

'N OPERETTE / MUSIEKSPEL

VIR KINDERS VAN GRAAD R TOT GRAAD 5

deur

JOEY VAN NIEKERK

Die musiek vir die liedjies in hierdie werkie is baie ou beproefde melodieë en tradisionele liedjies wat die toets van die tyd deurstaan het. In twee van die liedjies word ook van 'n **Afrika-taal (Noord-Sotho) en Engels** gebruik gemaak.

Groot dank aan **Holt, Rinehart en Winston, New York** wat reeds in 1976 toestemming gegee het dat die liedjies in die lys hieronder wat met ‘n asterisk (*) gemerk is, se melodieë deur skryfster gebruik mag word. Hierdie melodieë kom uit hulle pragbundel: **Exploring Music.**

Dank en waardering ook aan **Prof. Elsbeth Hugo** (voorheen Van der Merwe) vir haar waardevolle raad tydens die skryf van die vollengte operette, **Sneeuaster,** wat die eerste keer in 1977 deur die Laerskool Verkenner in Port Elizabeth as feesoperette opgevoer is. Grepe uit dié operette is verwerk vir hierdie baie verkorte en gewysigde musiekspel vir kleiner kinders.

LYS VAN LIEDJIES

1. Jy is die vervulling van al my drome (Kanon deur Prins en Sneeuwitjie)
2. Wees nie bang. (Diertjies, feëtjies, blomme, en almal in bos.)
3. Ek is ‘n goeie wolf.* (Wolf moet goed kan sing en toneelspeel)
4. Pas tog op en wees versigtig (varkies, bokkies en Rooikappie)
5. Ka-ta-tum-ba.* Die temaliedjie van die musiekspel. Dit word ‘n paar keer herhaal. (Sewe dwergies se liedjie)
6. Tie-ra-lie-ra-lie.* (Voëltjies en feëtjies)
7. O Dumela Mosetsana* (Dwergies en bosbewoners se groetliedjie)
8. Welkom hier by ons* (Dwergies en almal op verhoog)
9. Die Heks is dood.* (Hansie en Grietjie en koor)
10. Ai tog, wat het gebeur vandag? (Dwergies. Herhaal die liedjie.)
11. Eind’lik is ons twee nou by mekaar (Prins en Sneeuwitjie)
12. Ons is nou almal baie bly. (Al die karakters sing saam)
13. Ek is so bly, ek is so dankbaar. (Koning Boudewyn)
14. Re a leboga* / ons sê dankie (Al die karakters saam)

LIED 1 JY IS DIE VERVULLING VAN AL MY DROME
(Prins en Sneeuaster)



Let wel:

Hierdie is 'n pragtige, harmonieuse duet
as dit meerstemmig (as kanon) gesing word.

LIED 2 WEES NIE BANG!



2. Wees nie bang
Wees tog nie meer bang.
Hans en Grietjie,
Voëltjies, bokkies,
Rooikappie en Goue Lokkies
Was by ons gewees
En het nooit gevrees.

3. HERHAAL WEER DIE EERSTE STROFE!

LIED 3 EK IS 'N GOEIE WOLF (*)

1. Ek is 'n goeie wolf, wat niemand ooit sal skaad Al-tyd
2. Ek is maar altyd goed, ek soek nie na jou bloed Al-tyd
3. Ek is 'n goeie wolf, wat niemand ooit sal skaad Al-tyd





1. Vriend'lik, ek doen aan niemand kwaad.
2. min - saam, ek doen aan almal goed.
3. Vriend'lik, ek doen aan niemand kwaad.



LIED 4 PAS TOG OP EN WEES VERSIGTIG



LIED 5: KATATUMBA - DIE DWERGIES SE LIEDJIE



Ka-ta-toem-ba toem-ba, toem-ba. Kyk hoe stap ons deur die bos. Ka-ta





toem-ba, toem-ba, toem-ba. As ons werk, dan het ons kos. Ka-ta



toem-ba, toem-ba, toem-ba. In ons ar-beid el-ke dag. Ka-ta





toem-ba, toem-ba, toem-ba. Werk ons steeds met lus en krag!



Wanneer hulle in die bos werk, word die tweede strofe gesing. Hulle spit en pik en saag ritmies saam met die musiek.

Katatoemba, toemba, toemba, laat ons saag en pik en spit,
Katatoemba, toemba, toemba, ons kan nie 'n oomblik sit.
Katatoemba, toemba, toemba, wil jy eet dan moet jy werk.
Katatoemba, toemba, toemba, as ons werk, dan word ons sterk.

LIED 6: TIRALIERALIE * (Voëltjies en feëtjies se liedjie)

(Lig, soet en dartelend)



1. O, gaan kyk langs ons huisie, daarvoor om die draai
2. Sit tog neer al jul gra-we, jul by - le jul pik
3. Wees tog vriend'lik die meisietjie is so al- leen
4. Ja, gaan kyk langs jul hui-sie, daar-voor om die draai,

1. is 'n klei-ne ou mei-sie-tjie fraai.
2. want die mei-sie-tjie sal daar-voor skrik.
3. en sy weet nie wat nou of waar-heen.
4. is 'n klei-ne ou mei-sie- tjie fraai.

LIED 7: DUMELA MOSETSANA
(GOEIEDAG, MEISIETJIE)



LIED 8 WELKOM HIER BY ONS! (*)

(Dwergies. Blommetjies en diertjies kan help sing)



1. Wel-kom hier by ons, o fraai-e klein prin - ses - sie
2. Maak jou nou maar tuis, hier in ons need'rig hui- sie
3. Hou die deur ge-sluit, en gaan tog nie na bui- te





1. Wel-kom hier by ons, o fraai-e klein prin-ses-sie. Ons
2. Maak jou nou maar tuis, hier in ons need'rig hui- sie. Ja
3. Hou die deur ge - sluit, en gaan tog nie na bui-te. Hou





1. is so bly, jy het ons huis ge-kry!
2. wel - kom weer, dit is vir ons 'n eer!
3. toe die deur, dan kan daar niks ge-beur!



LIED 9 **DIE HEKS IS DOOD**

(Eerste en tweede strofes: Hansie en Grietjie; derde strofe: Sneeuaster; 4de strofe: diertjies en koor)

1. Die heks is dood, jy't niks te vrees, ons twee was daar ge-wees.
2. Die heks is dood, sy het ver-brand, ons twee was daar ge-wees.
3. Die heks is dood, ek't niks te vrees, want hul was daar ge-wees.
4. Die heks is dood, sy't niks te vrees, en hul was daar ge-wees.



1. Ja, ons skrik was groot, maar die heks is dood.
2. In haar ei - e oond, in haar ei - e oond,
3. Ja, hul skrik was groot, die ou heks is dood.
4. Ja, hul skrik was groot, die ou heks is dood.



1. Die ou heks is dood en jy hoef niks te vrees nie.
2. In haar ei - e oond; ja, jy hoef niks te vrees nie.
3. Die ou heks is dood en ek hoef niks te vrees nie.
4. In haar ei - e oond - en sy hoef niks te vrees nie.

LIED 10 AI TOG, WAT HET GEBEUR VANDAG?

(Dwergies, en dalk ook enkele blommetjies en diertjies op verhoog)



LIED 11 EINDELIK IS ONS TWEE NOU BYMEKAAR

(Prins: eerste strofe; Sneeuaster: tweede strofe. Refrein albei saam, terwyl hulle mekaar se hande vashou)



LIED 12 ONS IS NOU ALMAL BAIE BLY



LIED 13 EK IS SO BLY, EK IS SO DANKBAAR



F
B♭
F
1. klei- ne dwer-gies, vir julle trou-e hulp aan haar.
2. heid en trou-heid, en vir jul dap-per-heid en moed,


B♭
F
B♭
F
C7
F
1. Ook die dier-tjies in die bos wat nou hier saam ver-gaar
2. kan ons net maar met ons lief-de vir al-mal hier ver-goed.

LIED 14: RE A LEBOGA

(ONS SÊ DANKIE. WE SAY THANK YOU)